

Kan die NG Kerk vandag nog iets vir Suid Afrika beteken?¹

A Boesak²

(Universiteit Stellenbosch)

ABSTRACT

Can the Dutch Reformed Church still make a difference in South Africa today?

This article is the edited version of the presentation held at the University of Pretoria's "Theological Day" on January 31, 2008. It seeks to answer the question: "Can the Dutch Reformed Church still make a difference in South Africa today?" This article places this question within the wider world and African contexts, then focuses on the South African situation. It describes the South African context as one of spiritual uncertainties and confusion, political tension, economic inequalities and social unravelling, which each in their own way and together put particular challenges before the church. This paper answers the question the affirmative, provided that the Dutch Reformed Church meets its own direct challenges, the most important of which is the challenge toward reunification within the Dutch Reformed family of churches.

I

Die vraag wat u my vra om vandag te probeer beantwoord, is ietwat skokkend, nogal gewaagd, selfs ontwapenend. Skokkend, want ons is in die kerk nie gewoond om sulke vrae te vra nie. Ons stel selfvoldane, selfregverdigende vrae waarvan ons die antwoord al weet, omdat ons dink dat ons alreeds doen wat ons van die Here vra. Vrae waarvan die antwoorde ons vroom gelyk bevestig, in plaas daarvan om ons tot berou en bekering te roep. Gewaagd, want hierdie vraag is 'n hand-in-eie-boesem vraag, dit vra om eerlike en selfkritiese besinning, om selfkorrektiewe refleksie, om self-blootgewende bereidheid tot selfondersoek, worsteling en verandering. Ontwapenend, omdat die een wat die vraag moet beantwoord self die selfkritiese vermoëns moet hê waaraan die vraagsteller haarself blootstel, self eers moet worstel met die balk in die eie oog,

1 Toespraak, Teologiese Dag, Universiteit van Pretoria, 31 Januarie 2008.

2 Dr A Boesak is buitengewone professor in Sistematiese Teologie aan die Teologiese Fakulteit, Universiteit van Stellenbosch.

anders is die antwoord ‘n bespotting van die vraag en die dryfveer daaragter; soos laf geworde sout vir niemand iets werd nie. Ek sal die vraag dus met die ootmoedige respek hanteer wat dit verdien.

Die vraag het betrekking op die NG Kerk en Suid Afrika, maar ek dink nie ons kan sinvol hieroor praat, alvorens ons nie eers die vraag binne ‘n wyer konteks geplaas het nie. Suid Afrika is nie meer ‘n geïsoleerde stukkie Europa aan die voet van die Afrika kontinent nie. Die wêreldkonteks impakteer ons op maniere waaraan ons vyftien jaar gelede nooit kon dink nie en waarop ons meestal nie voorbereid is nie. Ons kan, in ons globaliserende werklikheid, nie meer bekostig om te maak asof wat in die wêreld gebeur, ons nie dramaties beïnvloed nie. Abraham Kuyper se “In isolasie lê ons krag!”, as dit ooit iets goeds gedien het, kan vandag vir ons net katastrofale gevolge hê. Bowendien het Suid Afrika die laaste veertien jaar die verraderlike waters van globalisasie nie omsigtig bevaar nie, maar volseil bestorm en die implikasies vir ons, sosiaal-ekonomies, polities, en so langssamerhand ook kultureel, is uitermate sorgwekkend.

Globale kapitalisme is ‘n ongelooflik magtige sisteem wat dit toenemend moeilik maak vir nasionale state om hulle aan te onttrek. Meer doeltreffend as enige weermag, het dit die stryd teen kompeteerende sisteme en ideologieë gewen en in die 21ste eeu as die dominante wêreldwerklikheid na vore getree. Sondermeer die grootste impak van globalisasie op die wêreld, en gevolglik op ons land en haar mense is sosio-ekonomies. Ongetwyfeld het globalisasie vir baie in die ryk Weste, en vir die bevoorregte klasse in die ontwikkelende wêreld ongekende voordele gebring. Maar die effek op die res van die wêreld, en op die weerloses binne die ryk wêreld, is enorm destabiliserend (Wallis 1994; Chomsky 1999; Terreblanche 2005; Boesak 2005, 73-101; Sacks 2006).

Ongelykhede op alle vlakke is ontstellend hoog en groeiend. Die gemiddelde Amerikaner verbruik drie keer meer as ‘n Meksikaner, tien keer meer as ‘n Sjinese, dertig keer meer as ‘n persoon in India. Van die wêreldbevolking (1.3 miljard mense) leef 22% onder die broodlyn; 841 miljoen ly aan ondervoeding, 880 miljoen leef sonder behoorlike of enige mediese versorging; 1 miljard mense het geen behoorlike behuising nie, en ‘n verdere 2.6 miljard leef sonder sanitasie; 113 miljoen kinders – twee-derdes

meisies, kry geen skoolopvoeding nie; 30,000 kinders per dag sterf aan voorkombare siektes (Sacks 2006:28).

In 18 lande van die wêreld, almal van hulle in Afrika, is die lewensduurte onder 50 jaar; in Sierra Leone maar net 37 jaar. In 35 lande, meestal in Afrika, maar ook in Asië, is kindersterftesyfers meer as een uit tien. Teen die einde van die millennium het die boonste vyfde van die wêreldbevolking gespog met 86% van die wêreldinkomste, wat die onderste vyfde met 1% laat. In 2003 was die totale bates van maar drie van die wêreld se rykste biljoenêrs meer as die gesamentlike besit van 600 miljoen mense in die ontwikkelende wêreld (Sacks 2006:29). Die top 200 internasionale maatskappye beheer meer as een-kwart van die wêreld se bates en totale verkope van die grootste maatskappye is meer as die nasionale inkomste van baie medium-grootte ekonomiese (Boesak 2005:79, 84).

In so ‘n wêreld, wat doen die kerk met die uitroep, “Die hele Evangelie vir die hele mens!”? Verstaan ons, en hoe reageer ons op die smagting na deernisvolle geregtigheid? Het ons hoegenaamd ‘n evangeliese alternatief vir die verderflike voorspoedsteologie waarna Afrika so desperaat gryp, omdat hulle vertel word dat hul oorvloed aan armoede die teken is van hul gebrek aan geloof in ‘n God wat die bron van alle rykdom is? Miljoene kom tot bekering omdat hulle glo dat dit die sleutel is tot hul miljoene (Gifford 2007:20-24; Walton 2007:25-28).

Ons kerke loop leeg, maar gelukkig kan ons ons daarin verkneukel dat Afrika die voorpunt van die groeiende Christendom in die wêreld is, sonder dat ons daaraan dink dat die saad wat gesaai word al te dikwels vergiftigde brood opbring. Twee jaar gelede nog was Kenia aan ons voorgehou as die land waar die groei van die Christelike kerk Islam jaloers maak. Wat het al daardie kerke gedoen vir die lot van die armes, die soekende na politieke en ekonomiese geregtigheid, vir vrede en versoening, en waarom kon hulle nie ‘n vinger verroer om die politieke bedrog te keer wat op die ellende van die menseslagting uitgeloop het nie? Het hul entoesiastiese Christelike geloof vir hierdie situasies dan werklik niks te sê nie? Die vredesmissie van die kerke, met soveel selfvertroue geloods om Menere Kibaki en Odinga met mekaar te versoen, het op die rotse geloop omdat die kerk in Kenia, al die Christelike triomfantalisme ten spyt, nie die gesag het om op die politieke terrein ‘n verskil te

maak nie. Gesag rus op betrouwbaarheid, en betrouwbaarheid rus op profetiese getrouheid.

Die vraag is dringender as wat ons dink: kan die Christelike kerk vandag nog iets vir Afrika beteken?

II

Noudat ons weet dat ons by die na óns-gerigte vraagstelling alreeds saam met die Afrika-kerke kniediep in die bloed staan, kan ons ons visier skerper instel. Wat beteken die vraag in Suid Afrika vandag?

Ek stel voor dat ons dieselfde werklikheidsoefening doen van netnou.

Van die pynlikste werklikhede in Suid Afrika vandag is dat ons, ná byna vyftien jaar, die verwronge teenstrydighede van die apartheidsverlede nog nie kon oorkom nie. Sosiaal-ekonomiese ongelykhede bestaan nie net nog nie, hulle groei eksponensieel. Ons ekonomiese beleid word geloof, die ekonomie groei die afgelope jare al met byna 4%; buitelandse investering volg die trend, maar die gaping tussen ryk en arm is groter as ooit. Studies duï daarop dat ons armes vandag armer is as vier jaar gelede, standhoudende werkgeleenthede word nie geskep nie, en die verwagting dat hoë ekonomiese groei ‘n positiewe uitwerking sal hê op die lewensgehalte van die armes, beskaam (Terreblanche 2005:419-470; Msomi 2008).

Die globale werklikheid vind sy aaklike weerspieëling ook hier: die rykste 10% van Suid Afrika se mense besit meer as 50% van die rykdom; 6% van die bevolking verdien meer as 40% van die land se inkomste. Die 53% armstes van die land ontvang slegs 40% van die opvoedingsbronne van die land. Ons is, volgens die behuisingsminister, elf jaar agter met voorsiening van huise vir die armes (Boesak 2005:53,54; Msomi 2008).

Maar statistieke, soos u weet is een ding. Armoede is meer as dit. Dit beteken werkloosheid, gebrek aan toegang tot noodsaklike bronne, swak gesondheid en disproporsionele risiko ten opsigte van siektes soos tering, MIV en Vigs; berowing van kennis en kommunikasie, magteloosheid om basiese menseregte op te eis.

Krimineel is ook die vermorsing van bronne en die omkering van prioriteite. Dis nie net te sien in die toedekking van onbevoegdheid en korruksie, en die spandabelrigheid van die regering op alle vlakke nie, maar ook in die skande van ons wapenaankope en in die nuwe Suid Afrika se koesterung van haar

liefste apartheidsaanneemkind: ons wapenvervaardiging en –handel. Armscor se Rooi Valk helikopter het meer as \$1.17 biljoen in navorsing en ontwikkeling opgeslurp, ‘n paar honderd meestal hoëvlak werkgeleenthede geskep in plaas van die “duisende” wat belowe is en hang nog steeds soos ‘n mank voël in Armscor se agterplaas rond (Boesak 2005:58-64).

Suid Afrika se wapenverkope het onder die ANC in die vier jaar na demokratisering tot ‘n ongekende \$600 miljoen geklim. Ons verkoop aan wie ookal wil betaal, maar nie aan die ryk Weste nie: ons verkoop aan arm lande in Afrika en Asië wat skaars brood vir hul eie kinders kan koop. Rwanda, Burundi, Soedan en Indonesië onder die diktator Suharto tydens sy bloedige onderdrukking van Oos-Timor was almal op ons kliëntelys (Boesak 2005:58-64).

Die vraag vir die kerk is hier nie soseer waarom ons ‘n apartheidserfenis so hartstogtelik bewaar nie. Die vraag sny dieper: hoe kan Suid Afrika spog met ‘n “politieke wonderwerk” en ‘n “unieke versoening” terwyl ons wapens oorloë voer in ander arm lande, en Armscor en Denel, soos ‘n onheilige nabootsing van Aaron en Hur, die arms van gewetenlose diktators omhoog hou, en ander mense se drome vir versoening in skerwe blaas?

Een argument is dat ons dit moet doen omdat dit waardevolle vreemde valuta inbring. Maar hoe kan ons help om die armes in arm lande te vernietig met die bedoeling om daardeur ons eie armes te voed, en dan voed ons uiteindelik net die reeds welgevoedes? Want verseker is daar geen teken dat die inkomste van wapenverkope ons armoede verlig nie.

Sommige kenners sê die regering moet eenvoudig die “common sense” keuse maak en wapenvervaardiging en -handel beïndig, omdat dit geen fiskale sin maak nie. Maar ons weet dat dit hier om veel meer gaan as “common sense”. Die vraag is: kan die kerk met profetiese helderheid die regering hou, nie net aan sy beloftes nie, maar aan sy *verpligting* ten opsigte van die armes? Kan die kerk met die vuur van Johannes Calvyn in sy uitleg van Psalm 82:3 die regering daarop wys dat “n regverdige en welgeskape regering daaraan gekeen word dat hy die regte van die armes en die verdruktes onderhou”? (Calvyn 1847:321). Kan die kerk die regering sonder omhaal van woorde voorhou dat ons nie tegelyk ambassadeurs vir versoening en handlangers van die dood kan wees nie? Sal ons met profetiese moed kan sê dat die wortel van die

kwaad hier nie sogenaamde politieke realisme is nie, maar geestelike bankrotskap? Dat ons regering, met al hul vroom gesprek oor morele herlewing en “die siel van ons mense” inderwaarheid hiermee self sielloos, dus hooploos, dus visieloos geword het? Dat President Mbeki, met sy gemaklike toeeïening van die Skrifwoord uit Spreuke 29:18 en Habbakuk 2:2 (Mbeki 1998:81), daarmee ‘n oordeel oor homself en sy regering uitspreek? Met ander woorde, kan die kerk nog iets vir Suid Afrika beteken?

III

Die “vandag” waaroor ons vandag praat, stel ons voor nog groter uitdagings.

Sedert die aanvang van die moderne era, meestal geassosieer met die Europese Verligting, ken ons die proses wat veral gekenmerk word deur die fundamentele bevraagtekening van alles wat opvallend met geloof en godsdiens te make het. Wetenskap en wetenskaplikheid was die nuwe paradigma, wat sy gevolgtrekkings nie maak uit waserige profesieë en openbaringe nie, maar uit toetsbare hipoteses, eksperimente en weerleggings. Die tegnologie en ons wetenskaplike kennis sal ons help om die natuur te verstaan en te bemeester. Die konstitusionele monargie, gevvolg deur verteenwoordigende demokrasie, sal die mag beheer. Die ekonomie sal rykdom maksimaliseer. Saam sal al hierdie magte die liniére voortgang genereer wat ons “vooruitgang” noem (Sacks 2006:194-195).

Die vooruitgang was dan ook enorm. Vir ‘n klein deel van die wêreld was dit geldig, en veel wat van waarde is, bly oor. Maar vir die grootste deel van die mensheid is dit steeds nie van toepassing nie, die vooruitgang bly nypend eensydig, en die demokrasie, nog steeds die beste vorm van regering wat ons ken, word desnieteenstaande deur die minder verteenwoordigende en veral minder verantwoordende magte van die globale ekonomie onder onuitstaanbare druk geplaas.

Tegnologie bereik ongekende hoogtes, maar laat gaap net sulke ongekende dieptes voor die mensdom. Wapens van massavernietiging, vervuiling van die atmosfeer, die aarde en die water, vorme van asembenewende ekologiese onverantwoordelikheid, genetiese manipulasie – dit alles het vir die mensheid self ‘n bedreiging geword. Redelikheid kan intense vorme van vooroordeel nie uitban nie, die snedige afkeer van geloof in God roep nuwe

vorme van fundamentalisme op. Die paradokse van die menslike bestaan het nie “vanself” opgehou bestaan nie, en die diepste menslike problematiek kan deur die redelikheid en die wetenskap nie werklik aangespreek word nie. Moltmann konkludeer: “The project of Western scientific and technological civilization has become humanity’s fate” (Moltmann 1999:23).

Die onvervulde beloftes van hierdie tyd het hulself begin wreek en stil-stil, half-beskaamd, plek gemaak vir wat nou die postmodernisme genoem word. Die era van ongekende optimisme in die menslike vermoëns en van selfverheerlikende arrogansie, van buitengewone vooruitgang en verpletterende selfvernietiging het geëindig met selfbehepte narsissisme.

Die nuwe tyd, so hoor ons, vra om meer beskeidenheid, meer versigtige oorweging, meer verdraagsame openheid. Ons gaan op in ‘n nuwe spiritualiteit. Maar ek is bevrees dis meestal skyn. Ons taal is kodespraak. Ons praat van “beskeidenheid”, maar bedoel eintlik ons gebrek aan vertroue – in God, in mekaar, en in onsself. Want die groot paradigmas waaromheen ons ons lewens gebou het, het gefaal. Ons verdraagsaamheid is inderwaarheid gebrek aan geloof. Wat ons “oorweging” noem, is meer die afstandelikheid van onbetrokkenheid en die ontbreking van die moed om ook maar vir iets te staan; en ons “openheid” is die vrug van ons verdwaasde vertwyfeling.

Die fatale flaters van die moderniteit en ons ontnugtering met ons onvermoë om die regte keuses te maak met die mag wat ons verwerf het, verlam ons verlange na die goeie – nou ontken ons maar dat die goeie ooit bereik kan word. Ons nuwe spiritualiteit is tot ‘n groot mate maar net die ou wêreldontvlugtingsindroom, die skepping van ons eie knus wêreldjie waar ons nie die ellende van die egte wêreld hoef te sien nie. Ons praat van ‘n nuwe wêreld, maar bou dié sonder die fondamente van die geloof, die hoop en die liefde.

Ons ontken ons verlede en die bitter vrugte daarvan vir die hede met ‘n aggressiewe selektiwiteit en verstaan nie dat ons daarmee die kans op opregte versoening in die wind slaan nie. Ons het ons versoening vir ‘n groot deel op sand gebou en weet nie dat dit die grondrede vir ons onvrede met mekaar is nie. Soos Simson wat nie geweet dat die Gees van die Here van hom gewyk het nie, dink ons dat ons die toue waarmee ons onsself gebind het, kan verbreek, ons eselskakebeen kan gryp en die vyand steeds kan verslaan.

Suid Afrika beleef ‘n sosiale ontrafeling. Ons gevoelens van gemeenskaplikheid, solidariteit en medeverantwoordelikheid, vir sover dit nog bestaan, bestaan net vir diegene in ons eie kring. Ons is bang vir gevoelens en woorde wat ons té weerloos laat lyk, té oop vir die ander en dus té oop vir die appéł tot erbarming – al wat ons sien is moontlike misbruik. Ons sien dit in die twee ministers wat op die hoek van Adderleystraat staan, op hul horlosies kyk en dan snedig opmerk dat hulle nog nie verkrag is nie. Dit na aanleiding van die studie wat toon dat in Suid Afrika elke 20 sekondes ‘n vrou verkrag word. Of in hul kabinetskollega wat minagtend sy neus optrek vir die slagoffers van gewelddadige misdaad en hulle aansê om óf stil te bly óf die land te verlaat. Vertroue in ons demokrasie en haar instellings, van regeringsinstansies tot ons howe is, vir so ‘n jong demokrasie, ontstellend laag.

Jacklyn Cock (2006:333)sien hierdie ontrafeling ook in ander dinge: “In reports of the nurse whose patient dies while she chats to the driver in the front of the ambulance, the builder who erects sub-standard RDP houses, irregularities in tendering processes, corruption in the arms industry, the police officer who takes bribes, the currency speculator whose concern for profit obliterates any concern for the well-being of fellow citizens, the public servant falsifying pension claims, the teacher who abuses or neglects his pupils, as well as owners and drivers of minibus taxis who are indifferent to the safety of their passengers”.

Nelson Mandela slaak die versugting dat hoewel ons as Suid Afrikaners tot dusver goed gedoen het, ons ernstig faal as dit kom by die waardes van menslike solidariteit, dié waardes, sê hy, wat eens ons stryd vir ‘n menslike samelewing gedra en gekenmerk het. Hierdie waardes word bedreig, of is alreeds vervang deur apatie, ‘n kru materialisme en die najaag van onmiddellike bevrediging. Ons het nie daarin geslaag om aan Suid Afrika “die grootste moontlike gawe te skenk nie, naamlik ‘n meer menslike gelaat” (Boesak 2005:220). En dis presies die punt. Die diepte van ons rassisme, wat vererger word deur die hardnekkige ontkenning daarvan, die vlakke van misdaad, die gruwelike brutaliteit van ons geweld, fisies en sistemies, is na my oordeel alles tekens van die diepgaande onversoendheid in ons land, ook iets wat Suid Afrikaners weier om te erken. Ons is, dink ek, in ‘n proses van nonchalante verdierliking.

Om ons heen groei die woede, en saam met die woede die magteloosheid, saam met die magteloosheid die hopeloosheid, en saam met die hopeloosheid die verlange na die uitgestelde revolusie.

Suid Afrika is ‘n land in krisis. Ons krisis is nie ‘n Zuma-krisis, ‘n geldkrisis of ‘n identiteitskrisis nie; dit is wat Jürgen Moltmann noem, ‘n “God krisis”. “Our social and political frigidity towards the poor and the humiliated is an expression of our frigidity toward God. The cynicism of modern political and economic manipulation is an expression of our contempt for God. We have lost God, and God has left us, so we are bothered neither by the suffering of others which we have caused, nor by the debts we are leaving behind for coming generations” (Moltmann 1999:16-17).

Die hoë hittegraad van ons ontsteltenis oor beuselagtighede is ‘n weerspieëling van ons kilheid oor die wesenlike dinge.

IV

Die vraag, “Kan die NG Kerk *vandag nog* iets vir Suid Afrika beteken?” kom uiteraard nie probleemloos oor nie. Dit kan beteken dat die premissie is dat die NG Kerk in die verlede so baie vir Suid Afrika beteken het, maar nou, noudat die omstandighede so drasties verander het, nie meer nie. Eerstens sal ons dan moet antwoord, sekerlik het die NG Kerk onnoembaar veel beteken, maar vir wie? Die NG Kerk was immers voorloper in die skepping van die politieke en ekonomiese omstandighede wat van die wit mense van Suid Afrika van die mees bevoorregte mense in die wêreld gemaak het. Die NG Kerk se bydrae tot die voorbereiding vir, die ontwerp, daarstelling, deurvoering en onderhouding van die apartheid beleid was sonder weerga, meer as dié van enige ander instansie in die Afrikaner gemeenskap, selfs meer as die FAK en die Broederbond (Botha 1982). Geen wonder dus dat Die Kerkbode in 1948, ná die oorwinning van die Nasionale Party, met trots kon uitroep: “Apartheid is ‘n kerklike beleid” (DK September 1948:664-665). Dit was immers, sê ds Botha, die politieke deurvoering van die NG Kerk se sendingbeleid. Maar só ‘n houding (met die nostalgiese klem op die verlede), verkneeg die NG Kerk aan die verlede, sonder hoop op bevryding, vergifnis of herlewing.

Die tweede probleem is dat die vraag gehoor kan word asof dit met die kwessie van mag saamhang. Of noukeuriger, met die *verlies* van mag. Dan beteken dit dat die NG Kerk slegs in staat was om iets te beteken solank dit die belang van die bevoorregtes gedien het en

solank die kerk self gekoppel was aan, en geleef het van die verbintenis met die politieke mag van die Afrikaner. Nou dat daardie verbintenis nie meer bestaan nie kom die vraag vanuit die frustrasie van politieke magsverlies en die plaasvervangende, futiele magsvertoon van binnekerklike rusies. Maar dan word die vraag bloot retories, en kan slegs met ‘n selfbejammerende skouerophaling beantwoord word.

Dit is vir die integriteit van die vraag van die uiterste belang dat ons met mekaar ooreenkom dat die NG Kerk die vraag slegs kan stel en ook positief kan beantwoord, as die kwessies van mag of magsverlies hoegenaamd geen rol meer speel nie. Die voorwaarde vir ‘n outentieke bydrae van die kerk te midde van die magsvertoon van die wêreld is juis om vanuit die magteloosheid van die Kruis die magte van die wêreld uit te daag, ten toon te stel en te oorwin. Die vraag mag nooit meer wees of die NG Kerk *ten spyte van* sy politieke magsverlies, maar gelukkig *danksy* sy ekonomiese magsbesit nog iets vir Suid Afrika kan beteken nie. Eerder moet gevra word of die NG Kerk met gesag, die gesag wat rus in die weerlose vertroue in God, in die betroubaarheid vanweë die gehoorsaamheid aan God, en in die profetiese getrouwheid vanweë die oorgawe aan Jesus Christus, kan praat en doen. Kan die NG Kerk, met die gesag gewortel in die hoop van die magteloses: die armes, die weerloses, gay mense, vroue - daardie gesag wat nie afgedwing kan word nie, maar waarmee die kerk hoopvol vertrou word, iets vir Suid Afrika beteken?

Derdens mag die vraagstelling nie skuil gaan agter die onuitgesproke hoop dat die antwoord onvermydelik “Nee” is nie. Immers, sê diegene, dis die NG Kerk waarvan ons praat! Dit is die kerk van apartheid, afgeskryf deur so baie, insluitende die duisende wat die kerk elke jaar verlaat. So ‘n houding is ‘n wolf in skaapsklere, oënskynlik opreg-beskeie, oënskynlik opreg-berouvol. “Uiteindelik ‘n wit mens wat sy plek ken!” sal iemand uit ons geledere dalk roep. Maar dis skyn: dis die masker voor die laat-ons-tog-nou-net-alleen houding; voor die julle-wou-mos-oorvat-mors-nou-maar-op houding; voor die “vat alles – maar los net my geld, my grond, en my kerk” – houding. Dié houding is die vrugbare saailand vir die selfbeheptheid vir wit Afrikaanse mense en vir die selfvoldaanheid vir ons ander wat vir ons almal vandag sulke weselike gevare is.

Maar so ‘n houding is die NG Kerk onwaardig, en dit vloek teen die Heer van die kerk. Dis ook gewoon onsin. Die NG Kerk is nie die kerk van H F Verwoerd of Koot Vorster of die Afrikaner nie; dit is die kerk van Jesus Christus. Ons verbondenheid en lojaliteit is nie aan mense nie, maar aan Jesus Christus. Ons hoop is geanker nie in politieke mag, ideale, beloftes of ooreenkomste nie, maar in die beloftes van die Heer. Ons toekoms lê nie in die oorlewing van ons kultuурgoedere of etniese eienaardighede nie, maar in die trou van God en in ons getrouheid aan God.

Kan die NG Kerk glo dat daar geen houvas op ons is nie, behalwe die wete dat ons vasgehou word deur die deurboorde hand van Hom in wie se palm ons gegraveer is? Kan die NG Kerk “Nee” sê vir die verleiding om weer voorloper in ‘n nuwe Afrikaner etniese mobilisering te word, vir die versoeking om identiteitspolitiek weer met Christelike roeping te verwarr, vir die sondige aandrang om nuutgevonde of herverrese swakhede weer swaarder gewig as die eise van die Evangelie te verleen en sodoende na die dwaling van 1857 terug te keer? Is die NG Kerk bereid om ná dekades van ontvlugting te verstaan dat die Evangelie nie langer omseil kan word nie, dat die gebed van Jesus in die lig van ons volgehoud ongehoorsaamheid nie ‘n pleidooi is nie maar ‘n aanklag? Dat Efesiërs 4 nie ‘n aansporing is nie maar ‘n oordeel? Kortom, die vraag of die NG Kerk nog iets vir Suid Afrika kan beteken, ten minste, iets wat in Suid Afrika ‘n verskil kan maak, lê in eerste instansie volkome ingebed in die vraag of die NG Kerk bereid is om kerklike eenheid ‘n werklikheid te maak. Want die dinge waaraan Suid Afrika die grootste behoefté het, waarin die redding vir ons land lê, wat werklik hoop sal gee vir al ons mense, is die dinge wat die hart van ons kerklike integriteit uitmaak: eenheid, versoening, geregtigheid. Dis die groot uitdaging. Solank eenheid, geregtigheid en versoening in die NG Kerk omseil word, ‘n struikelblok is of nog erger, “omstrede” geag word, is die vraag self futiel.

“Kan die NG Kerk nog iets vir Suid Afrika beteken?” Ek antwoord “Ja”, as ons werklik glo aan die bevrydende mag van Jesus Christus, as die Evangelie werklik in ons lewe verskil maak, as gehoorsaamheid vir ons beter is as slagoffers, as die Kruis vir ons nog iets beteken. En kan die NG Kerk glo dat sy voor hierdie uitdagings nie alleen hoef te staan nie; dat ons dit opreg bely en van harte glo dat ons sáám hiertoe geroep word: één geloof, één doop,

één brood, één beker, één liggaam, één Heer, één God en Vader van almal wat alles in almal is?

Jesus Christus is die Here. As die uitdaging groot lyk, die verwarring hoog loop, die aandrang van mense onstuitbaar, onthou dan die woorde van Calvyn as hy nadink oor 1 Korinthiërs 7:23: “En sodat ons geloof nie mag verflou nie, prik Paulus ons met nog ‘n uitdaging: dat ons deur Christus verlos is teen so ‘n hoë prys as wat ons verlossing Hom gekos het, dat ons ons nooit weer aan die bose begeertes van mense sal verslaaf nie, nog minder onsself aan hul goddeloosheid sal onderwerp” (Calvyn:1960, IV, xx 32,1521).

Die geskiedenis van die kerk, ook, dank God, die NG Kerk, maak duidelik dat die ware gedaante van die kerk nie herken word in die gedreun van die massas nie, maar in die getuenis en die getrouheid van die profete.

Literatuurverwysings

- Boesak, A 2005. *The Tenderness of Conscience, African Renaissance and the Spirituality of Politics*. Stellenbosch: Sun Press.
- Botha, D P 1982. Church and Kingdom in South Africa, in: Serfontein H J P (ed), *Apartheid, Change and the NG Kerk, Extracts, Annexure M*. Emmerentia: Taurus, 260-269.
- Calvyn, J 1847. *Commentary on the Book of Psalms, Volume III*. Vertaling: Anderson, James, Edinburgh: Edinburgh Printing House.
- Calvyn, J (1960) *Institutes of the Christian Religion*. Vertaling: Battles, Ford Lewis, *Library of Christian Classics Vol 21*. Philadelphia: Westminster Press.
- Chomsky, N 1999. *Profit Over People, Neoliberalism and Global Order*. New York: Seven Stories Press.
- Cock, J 2006. Guns and the Social Crisis, in: Buhlungu, S et al (eds), *State of the Nation 2005-2006*. Cape Town: HRSC Press, 333-349.
- Die Kerkbode*, 22 September 1948, 664-665.
- Gifford, P 2007. Expecting Miracles, the prosperity gospel in Africa, in *The Christian Century*, July 10 2007, 124(14), 20-24.
- Mbeki, T 1988. *Africa – The Time Has Come, selected speeches*. Kaapstad: Tafelberg.
- Moltmann, J 1999. *God for a Secular Society, The Public Relevance of Theology*. Minneapolis: Fortress Press.
- Msomi, S'T 2008. Mbeki Sings his Swansong, *City Press*, 3 Februarie 2008, 23.

- Terreblanche, S 2002. *A History of Inequality in South Africa 1652-2002*. Pietermaritzburg: University of Natal Press.
- Sacks, J 2006. *The Dignity of Difference, How to Avoid the Clash of Civilizations*. London: Continuum.
- Wallis, J 1994. *The Soul of Politics*. New York: The New Press & Orbis Books.
- Walton, J L 2007. Empowered, The entrepreneurial ministry of T.D. Jakes, *The Christian Century*, July 10 2007, 124(14), 25-28.